



Ki-Deo Nuusbrieff



Kontakbesonderhede:

Tel: 012 644-2524

Sel: 083 696 8600

E-pos:

theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

Facebook: Ki-Deo

Gaan like ons asb en bly op hoogte van al ons daaglikse nuus!

Belangrike Nommers:

NPO reg no.: 000-762

WO no.: 11 02 0059

PBO.: 18/11/13/1456

BEE Status: 82%

Ons is 'n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir belasting-doeleindes!

Nuwe Bankbesonderhede is soos volg:

ABSA: Ki-Deo

Rek: Tjek

Rek no.: 4087665914

Verw.: Indien vir iets spesifieks

E-pos bewys na: theresag@ki-deo.co.za

Hoekom????



Ek vra myself al hoe meer die vraag af, hoekom? Hoekom gebeur dit dat kinders nie by biologiese ouers kan bly nie, hoekom gebeur dit dat ouers nie vir kinders kan sorg nie of hoekom is daar soveel ongelooflike seer in hierdie onperfekte wereld van ons wat maak dat kinders verwyder moet word as gevolg van misdaad teenoor 'n kind.

Wat 'n voorreg om jou eie kindjie teen jou bors te kan koester, hom/haar te kan sien grootword, die voorreg van ouerskap wat nie altyd vir almal beskoore is nie! So 'n voorreg!! My en jou verwysings-

raamwerk van kinders grootmaak en ook hoe jy as kind grootgemaak is, verskil so drasties en wanneer ek na al die seerkry stories van my hartkinders luister, verstaan ek nie hoe dit enigsins moontlik is dat ouers of mense wie jy veronderstel was om te vertrou, hierdie nare goed aan onskuldige kinders kan doen nie?

Raak ek hoendervleis, moet ek baie styf op my lip byt, partykeer kan ek die trane nie keer nie en dan huil ons maar saam oor die vreeslike kwaad en die onreg wat aan hierdie Oogappels van God gedoen is. Ek vind dit swaar om te kan vergewe vir die onreg wat gepleeg is en wat 'n kind se hele lewe verwoes en na 10jr as mamma vir hierdie hartkinders kan en sal dit nooit normaal of aanvaarbaar word nie, maar weet ek dat God die Regter is en kan ek dit net in Sy hande laat. Is dit wonderlik om die herstelpad saam met elkeen van hulle te kan stap en is ek dankbaar vir elkeen se genesing want dit is net God wat die Geneesheer van die baie stukkende hartjies is! Net Hy kan

genees! Tans het ons hofsake aan die gang en is dit bitter erg vir enige kind om deur al die prosesse te gaan alvorens hulle nog in die hof moet getuig. Dan die totale onsekerheid wat om te verwag, om die aaklige storie van voor af te vertel en te herleef, Die aanhoudende vrae wat nie end kry nie, en dan hoop ons dat geregtigheid sal geskied en dat die persoon agter tralies sal sit waar hy behoort!

Bid asb baie ernstig saam met ons dat dit nie 'n uitgerekte saak sal wees nie, dat God sal ingryp en saam met elkeen van ons kinders sal wees, dat Hy hul handjies styf sal vashou sodat hulle so braaf sal wees om die waarheid en onreg te kan vertel! Moet asb nooit ophou om vir ons te bid nie!

Hierdie is God se Oogappel kinders, fightertjies en kinders wat soveel bereik ten spyte van alles wat in hul verlede gebeur het! Love them to bits!!

Dankbaar!

Ons is so dankbaar vir God se guns en genade oor Ki-Deo maar ook oor elke kind. Dankbaar dat Hy vir Shawn deurgedra het toe sy blinderderm gebars het en mense sy padlangs gestuur het om hom die beste mediese sorg te kon gee, dankbaar vir Unitas Hospitaal en al sy perso-

neel vir die wonderlike diens en daarwees vir Shawn.

Dankbaar dat dit soveel beter gaan met Monique na haar nierversaking, dat die Here haar vir ons gespaar het en vir uitstekende versorging deur Steve Biko Hospitaal!

Ons groot geloofsaak was die bussie en weereens het

Jesus voorsien, toe almal gedink het dat dit onmoontlik is, het Hy dit moontlik gemaak! Ons het geleer wat ware geloof is, 'n vaste vertroue op die dinge wat jy hoop maar nie sien nie! Jehovah Jireh, God our provider!



Ons Dogters gaan Hoërskool toe!



My hart sit in my keel, nog twee wat hoërskool toe gaan en het hul laerskool jare beslis net te vinig verby ge-gaan. Die een oomblik was hulle nog dogter-

tjies wat heerlik kon sit en pop speel, wat kon hardloop en spring en die volgende oomblik het die aksies al hoe meer bedees geword. Het ek hulle soms betrap met 'n veraf uitdrukking en 'n glimlag op die gesig! 'n Onwelkome puisie het kop uitgesteek en so het die twee-tjies ontwikkel in pragtige jong dame-tjies, skielik word daar meer aandag geskenk aan hoe ek lyk, word ure voor die spieël spandeer, hare word met sorg gedoen en klere word aangepas, uitgerek, dan weer

aangepas, uitgetrek totdat die bed vol klere le en 'n moedelose gesiggie nog nie weet wat om aan te trek nie!

Nou is die vreeslike opgewondenheid oor die eerste hoërskool sokkie, die koop van die nuwe hoërskool klere, die graad 8 kamp en die onsekerheid van wat om te verwag in die hoërskool!

Nuwe reels, hulle mag nou selfone kry en liggies begin grimeer, mag selfs nou bietjie later opbly, net nuwe "perks" wat darem kan bewys dat hulle darem nou groot is. Lyfies verander en skielik pas klere nie meer nie. Die skaal word ook meer gereeld dopgehou en porsies word mooi afgemeet!

Maar tussen die gesukkel van grootword, bly hulle maar nog net kind, 'n tiener, 'n emosionele bondeltjie mens met 'n eie identiteit van wie ek

is en wat ek wil word! So awesome om hulle te kan sien grootword en al die spesiale oomblikkies met hulle te kan deel. Akademies is die twee sterre en weet ek dat hulle sal aanhou om ons almal trots te maak!


Sterkte julle twee, gaan groot, reik na die sterre, droom groot en moet



nooit aan jouself twyfel nie want God het jou uniek en spesiaal gemaak! Sou julle

nog wou klein hou, maar ek love hierdie maltrap tieners van my!

Kaapse Toer: Dankie aan al ons sponsers wat dit moontlik gemaak het! Sonder julle sou ons dit nie kon doen nie!



Hierdie toer was 'n ongelooflike ondervinding soos die foto's vertel. Ons skep memories vir ons kinders om eendag te kan onthou, stories om vir hulle kinders en kleinkinders te kan vertel. Ons vergroot hul wereldtjies en wys vir hulle waarvan hulle leer op skool! Kon ek die mooie Kaap weer sien en beleef deur die oë van 'n kind! Hierdie hele toer was moontlik gemaak deur sponsers, te veel om op te noem, maar het dit ons nie 'n sent gekos nie. Wat 'n voorreg!

Kersfees is om die draai!

Elke jaar is daar mense wat graag ietsie vir ons kinders vir Kersfees wil gee en is daar maar altyd lysies en die kleiner kinders wat briefies aan kersvader skryf. Graag gee ek die kinders se name sowel as ouderdomme deur vir diegene wat op welke manier ookal 'n bydrae wil maak:

Kameshinie (dogter) 7jr

Lisa (dogter) - 11jr

Lucia (dogter) - 12jr

Monique (dogter) - 12jr

Madelein (dogter) - 13jr

Danell (dogter) - 14jr

Brandon (seun) - 15jr

Shawn (seun) - 15jr

Angelo (seun) - 17jr

Helen (dogter) - 18jr

Monique (dogter) - 19 jr (Student)

Die meeste van ons kinders benodig somersklere en sandale en kan of 'n voucher van 'n betrokke winkel gegee word of dan eerder die kontant aan die spesifieke kind. Skryf-behoefte is ook altyd 'n groot uitgawe en sal dit ook altyd waardeer word. Ietsie om hul besig te hou oor die Desember vakansie,

is die Inkleurboeke vir volwassenes vir die groter dogters of die Top Modelling boeke vir die kleiner dogters waar hulle klere ontwerp. Grimering is ook altyd 'n bederf vir ons groter kinders asook juweliersware en haardroeërs. Seuns is altyd moeilik maar waardeer hulle 'n nice t-hemp, Rekenaarspeletjies of andersins 'n voucher waar hulle vir hulself ietsie kan koop. Indien jy betrokke wil raak en meer inligting verlang, kan julle my gerus kontak hieroor!

Finansiële Ondersteuning

Die afgelope 2jr was maar moeilike tye met subsidies wat nie gereeld ontvang word nie en sal ons moet begin om fondse te genereer en om mense te kry wat kan inkoop by Ki-Deo om elke maand se begroting te laat klop. Huidilik hardloop ons met 'n R20 000 per maand tekort en kan ons dit op verskillende maniere opmaak.

1. Mense wat help met maandelikse kruideniersware, lysies

kan gegee word aan diegene wat sou belangstel.

2. Help met maandelikse toiletware.
3. Help met chroniese medikasie vir kinders wat uiters duur is.
4. Help om terapeute te betaal.
5. Sponsors vir kinders se haarsnye.
6. Adopt a child en ek laat weet

wat die spesifieke kind nodig het soos bv, skoolskoene, tekkies, ens. Hier kan selgroepe betrokke raak en help in 'n kind se basiese behoeftes.

7. Maandelikse kontant bydraes wat help om ons begroting te laat klop, bv krag en water, instandhouding, ens.

Wishlist vir Ki-Deo

1. Ons het 'n Jacuzzi gekry wat aanvanklik ingebou was op die stoep en wat ons uitgehaal het en na buite skuif en moet dit nou weer ingebou word.

2. Buitebraai moet gebou word wat eenheid vorm saam met Jacuzzi, somer net 'n lekker kuier area.

3. Stoepvertrek benodig gordyne voor groot skuifdeur asook venster en 'n blinding voor

kleiner venster.

4. Verskeie areas moet geverf word in die huis maar wil ons veral die stoeparea, wanneer die dak herstel is, omskep in 'n lekker kuier area.
5. Ons het tieners wat graag maats oornooi en wil nooi vir hul verjaarsdae en dus die rede om die twee area's oor te doen.
6. Voorste gedeelte van die tuin

kort 'n houtbruggie en dalk 'n mooi feature of twee indien iemand soiets wil uitgooi?

7. Bedekking soos riete of iets as afdakkie oor Jacuzzi en braaigedeelte om te beskerm teen die son.
8. Rekenaars vir kinders om take te kan doen.



Ki-Deo is a home for traumatised and abused children who were removed from their parents' care.



WHO WE ARE

Ki-Deo provides a stable home environment for children who had been taken away from their parents care. These children had been removed with a court order by the AFM Welfare and placed in our care at Ki-Deo. It is a satellite children's home (now called Child and Youth Care Centres) from the AFM Welfare and our children are represented by all the different ethnic groups and the ages vary from 7 to 19 years. This is now a permanent residence for these children and they will only leave the house after they matriculated or at the end of their studies.

The involvement of an astute partner in child care like the AFM Executive Welfare Council assured us of lessons learned being implemented. One of the most valuable lessons learned is that children should not be institutionalised (place in large hostels) but rather cared for by a dedicated group of parents, friends and community members. Giving these children a stable environment to complete their adolescent years in where they can receive the right guidance with regard to ethics, personal values and careers, will result sending well-adjusted young adults into the society. At Ki-Deo we provide quality accommodation in small, family size unit that doesn't label the child as an institutionalised child. Ki-Deo also aims to provide health care rendered by medical professionals, therapeutic counselling, schooling, relaxation & cultural activities to the children.

Our dream is to raise these children as normal children and to give them opportunities which they never had before. We depend on people, organizations and the community to help us to make this possible.